



Wits-man ontwerp vir Groot Versneller

JODY NEL

Saterdag 07 September 2013



Robert Reed

'n Doktorale student aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) is die eerste Suid-Afrikaner wat programmatuur ontwerp vir een van die sewe eksperimente wat by die Groot Hadron-versneller in die Europese Sentrum vir Kernnavorsing opgestel is.

Luidens 'n verklaring deur Wits het Robert Reed 'n sterkstroom-kragbord vir die Atlas-eksperiment ontwerp en is dit Maandag met welslae in die Atlas-stelsel geïntegreer.

Atlas is 'n deeltjiefisika-eksperiment by die Groot Hadron-versneller om inligting te bekom oor die basiese magte wat die heelal gevorm het.

Reed se sterkstroom-kragbord word in nuwe mobiele toetsgereedskap gebruik. Sy hoof funksie is om sterkstroom akkuraat en betroubaar te produseer.

Reed het gesê laaikassies vol elektronika op die Atlas-aanwysers (detectors) filtreer die onverwerkte data wat uit die aanwysers kom. "Die nuwe mobiele toetsgereedskap is basies 'n mobiele boks wat die aanwysers se instandhoudingsmense sal gebruik om dit met die aanwysers – wat toetse op die laaikassies sal laai – te verbind."

Prof. Bruce Mellado van Wits se fisikaskool het gesê die kragbord se vervaardiging wys Suid-Afrika kan produkte van dieselfde gehalte as Europa produseer.

Jy moet aangemeld wees op ons webwerf om kommentaar te kan lewer.

[Klik hier om aan te meld](#), of [hier om te registreer](#) indien jy nog nie 'n gebruikersprofiel geskep het nie.

Media24 Digitale Nuus: Só voer ons gesprek

Ons is ten gunste van oop gesprek en wil aan al ons lesers die platform gun om saam te praat. Die "wagwoord" in die kommentaar-afdeling van ons webwerwe is respek. Respek vir mede-lesers en die mense en gebeure waaroor ons berig. Ons sal nie seksisme, homofobie, rassisme of ander vorms van haatspraak duld nie en behou ons die reg voor om kommentaar te verwyder. Kortom, speel die bal, nie die man nie.

m

